

CIRCADEN[®] Insecticide

SOUTH AFRICA Registration Number/Registrasie Nommer L11488, Act No. 36 of 1947/Wet 36 van 1947

**READ THE LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

GROUP/GROEP	28	INSECTICIDES	InsekdoderS
--------------------	-----------	---------------------	--------------------

A suspension concentrate insecticide for the control of a range of chewing and sucking insect pests on crops as listed.	'n Suspensie konsentraat insekdoder vir die beheer van verskeie bytende en suigende insek plae op gewasse soos aangedui.
--	---



HAZARD STATEMENTS:

Harmful if inhaled
Very toxic to aquatic life with long lasting effects

PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Prevention:

Avoid breathing mist or vapors.
Use only outdoors or in a well-ventilated area.
Avoid release to the environment.

Response:

IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing. Call a **POISON CENTER/** doctor if you feel unwell.

Collect spillage.

Disposal:

Dispose of contents/ container to an approved waste disposal plant.



WARNING

Active ingredient
cyantraniliprole
(anthranilic diamide) – 200 g/L

Aktiewe bestanddeel
siantraniliprool
(antraniliese diamied) – 200 g/L

Net Volume

1L

Netto Volume

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

FMC Chemicals (Pty) Ltd
Company Registration Number: 1988/001451/07
West End Office Park
Building C, Cnr West Ave & Hall Street
Centurion, 0014
www.ag.fmc.com/za/en

Batch Number
Date of Manufacture
Expiry Date

Printed on Container
Printed on Container
3 Years from date of
manufacture

Lot Nommer
Datum van Vervaardiging
Vervaldatum

UN Number/VN Nommer	3082
----------------------------	-------------

For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison Information Centre (24 hrs) Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging Inligtingsentrum (24 hr)	+27-(0)-82-446-8946
--	----------------------------

WAARSKUWING:

GEVAARSTELLINGS:

- Skadelik indien ingeasem
- Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte

ONTHOUDINGSPERIODES: Die volgende minimum aantal dae (onthoudingsperiodes) tussen laaste toediening en oes moet nagekom word:

Kopkool	28 dae
Soetrissies	70 dae
Tamaties	70 dae

- Hanteer versigtig.
- Dit is onwaarskynlik dat hierdie produk skadelik sal wees wanneer ingeasem word of deur velkontak.
- Hierdie produk is giftig vir waterlewende ongewerwede diere met langdurige invloed.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Berg weg van voedsel en voer in die geslote, ge-etiketeerde oorspronklike houer by 'n temperatuur van nie hoër as 25oC nie.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot hoë residue of ander ongewenste resultate.
- **HERBETREDING:** Moet nie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie.

VRYWARING:

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

VOORSORGSTELLINGS:

Voorkoming:

- Vermy inaseming van mis of dampe.
- Gebruik slegs buite of in 'n goed geventileerde area.
- Vermy vrylating na die omgewing.

Reaksie:

- **INDIEN INGEASEM:** Verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik om asem te haal. Bel 'n **GIFSENTRUM**/dokter as jy onwel voel.
- Versamel gemorste produk.

Verwydering:

- Gooi inhoud/houer weg in 'n goedgekeurde afvalverwyderingsaanleg.

GEVAARLIKE BESTANDELE:

Bevat reaksiemassa van 5-chloor-2-metiel-2H-isotiasool-3-on en 2-metiel-2H-isotiasool-3-on (3:1).
Mag 'n allergiese reaksie veroorsaak.

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Moet nie behandelde gebiede binnegaan alvorens die spuitstof afgedroog het nie.
- Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere dra (langmouhemp, langbroek, skoene met kouse, handskoene en gesigskerm).
- Was uself na toediening van die produk.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Indien die produk in kontak kom met die oë, was onmiddellik met baie water.
- Indien ingeneem ontbied 'n geneesheer of kontak 'n vergiftigings sentrum.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- Hierdie produk is giftig vir sywurms. Moenie toelaat dat die produknewels in sywurm produksie areas of moerbeï boorde inwaai nie. Om skade te vermy, moet produk versigtig gebruik word in gebiede waar nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.
- Hierdie produk is giftig vir bye. Moet nie toedien wanneer bye voed nie.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP, OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE ANDERS AS OP DIE ETIKET AANGEDUI, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Maak toediener skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiding of water kan besoedel nie.
- **SPOEL LEË HOUER** drie keer as volg: keer die leë houer oor die spuit- of mengtenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houervolume vars water en giet die spoelwater in die spuittenk of mengtenk oor. Kap gate in die drie-keer gespoelde houer waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

NOODHULPMAATREËLS:

Algemene Advies:

Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.

Inaseming:

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie, Raadpleeg 'n dokter na beduidende blootstelling.

Velkontak:

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. As dit op die vel kom, spoel goed af met water. Was besoedelde klere voor hergebruik.

Oogkontak:

Hou oog oop en spoel stadig en liggies met water vir 15-20 minute. Indien oog irritasie voortduur, raadpleeg 'n spesialis.

Inname:

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. In die geval van toevallige inname, raadpleeg 'n geneesheer. **MOENIE** braking veroorsaak nie, tensy op instruksie van 'n dokter of gifbeheer sentrum. As slagoffer by sy bewussyn is: Spoel mond met water.

Simptome:

Geen gevalle van menslike of eksperimentele vergiftiging is bekend nie. Velkontak kan lei na die volgende simptome: Sensitiwiteits effekte.

Behandeling:

Behandel simptome.

Die belangrikste akute en vertraagde simptome en gevolge:

Simptome: Geen gevalle van menslike vergiftiging is bekend nie en die simptome van eksperimentele vergiftiging is ook nie bekend nie. Velkontak kan die volgende simptome toon: sensitiewe vel.

Tydens aanduiding van onmiddellike mediese behandeling:

Behandeling: Behandel simptome.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

Wanneer insekdoders met dieselfde wyse van werking herhaaldelik oor 'n paar jaar in dieselfde gebied aangewend word, sal minder sensitiewe rasse wat natuurlik voorkom, oorleef, voortplant en dominant word in daardie gebied. 'n Insek word beskou as weerstandbiedend teen 'n insekdoder as dit oorleef nadat 'n korrek toegepaste behandeling teen die aanbevole dosis en tydsberekening onder normale weerstoestande gedoen word en 'n bevestigingstoets met 'n geskikte biotoets die gebrek aan aktiwiteit bevestig.

Wanneer weerstand voorkom sal aanbevole dosisse nie die plaagbevolking onder ekonomiese drempels onderdruk nie. Ontwikkeling van weerstand kan voorkom of vertraag word deur produkte met verskillende wyses van werking te gebruik. Vir meer inligting oor insekweerstand monitoring, besoek die weerstand teen insekdoders Aksiekomitee (IRAC) op die web by (<http://www.irc-online.org>).

CIRCADEN® Insekdoder is 'n IRAC Groep 28 Insekdoder (ryanodien reseptor modulator - diamied). Herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van **CIRCADEN® Insekdoder**, kan lei tot die opbou van weerstandbiedende rasse van insekte in sommige gewasse. Sommige insekte is bekend daarvoor dat hulle weerstand opbou teen produkte wat herhaaldelik gebruik word.

Omdat die ontwikkeling van weerstand nie voorspel kan word nie, kan hierdie produk gebruik word as deel van 'n weerstandsbestuur strategie in die gebruik gebied. Hierdie strategieë kan die volgende insluit: kulturele en biologiese beheerpraktyke, afwisseling van wyse van werking klasse van insekdoders op die nageslagte en die teiken van die mees gevoelige lewensfase van die insek. Raadpleeg jou plaaslike of gebieds landbou owerhede vir meer inligting, en volg die aanbevole IRAC leiding vir die gebruik van ryanodien reseptor modulator - diamied insekdoders (<http://www.irc-online.org>).

Beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders sluit in:

- Vermoed die gebruik van produkte met dieselfde wyse van werking (dieselfde IRAC groepnommer) op opeenvolgende generasies van insekte.

- **Moet nie meer as 2 toedienings van CIRCADEN® Insekdoder, of enige ander produk met 'n groep 28 insekdoder binne 'n "behandeling venster" maak nie.** Die volgende toediening op die teiken plaag (e) in die volgende "behandeling venster" moet 'n effektiewe produk met 'n ander wyse van werking (nie-Groep 28 insekdoder) wees.

'n "Venster Behandeling" is die tydperk van nawerking wat deur 'n enkele of opvolgende toediening van die produk met dieselfde wyse van werking binne 'n geskatte 30 dae (15-40 dae, afhangende van plaaslike ontwikkelings tyd van eier tot volwassene). Die ideaal is om die "Venster Behandeling" met die lengte van 'n generasie van die teikenplaag te benader.

- Vermoed die gebruik van minder as die aanbevole dosis van **CIRCADEN® Insekdoder**, wanneer alleen of in tenkmengsels toegedien.
- Teiken die mees vatbare insek lewensfasies.

- Monitor insekbevolgings vir doeltreffendheid van die produk. As weerstand teen hierdie produk in jou area ontwikkel, sal hierdie produk, of ander produkte met 'n soortgelyke wyse van werking nie voldoende beheer verskaf nie.
- Indien swak prestasie nie aan onbehoorlike toediening of ekstreme weerstoestande toegeskryf kan word nie, mag 'n weerstandige ras van insekte teenwoordig wees. As jy probleme ervaar met beheer en weerstand is 'n redelike oorsaak, raadpleeg onmiddelik jou plaaslike verteenwoordiger van die maatskappy of landbou-adviseur vir die beste alternatiewe metode van beheer vir jou area. Vir meer inligting oor insekweerstand monitoring, besoek die webwerf weerstand teen insekdoders Aksiekomitee (IRAC) (<http://www.illac-online.org>).

GEINTEGREERDE PLAAGBEHEER:

FMC ondersteun die gebruik van Geïntegreerde Plaagbeheer (IPM) programme om insekte te beheer. Hierdie produk kan gebruik word as deel van 'n IPM program, wat biologiese, kulturele en genetiese praktyke kan insluit, gemik op die voorkoming van ekonomiese insekskade. IPM beginsels en praktyke sluit in veld monitoring of ander opsporing metodes, korrekte teiken insek identifikasie, monitoring van insekbevolgings, rotasie van insekdoders met verskillende wyses van werking, en die behandeling van teiken insekte wanneer teiken insekbevolgings vooraf bepaalde drempelwaardes bereik. Raadpleeg jou plaaslike koöperasie uitbreiding diens, professionele konsultante of ander gekwalifiseerde owerhede om die nodige drempelwaardes te bepaal vir die behandeling van 'n spesifieke gewas teen teiken insekte in jou area.

VOORDELIGE GELEEDPOTIGES (ARTHROPODA):

CIRCADEN® Insekdoder is veilig vir voordelige geleedpotiges. Aangesien daar nie op hierdie voordelige geleedpotiges staatgemaak kan word om skadelike insekte te beheer nie, is hulle van potensiële waarde en kan hulle saam met skadelike insekte gemonitor word in plaagbestuur programme op hierdie gewasse.

CIRCADEN® Insekdoder is giftig vir bye wat aan direkte behandeling blootgestel word op blom gewasse of onkruid. Dien dus slegs toe wanneer bye nie aktief is nie, verkieslik na daaglikse bye vlug.

ALGEMENE INLIGTING:

CIRCADEN® Insekdoder beskik oor 'n unieke werkingsmeganisme deur aan die ryanodien reseptore van insekte te bind en die bogenoemde reseptore te aktiveer. Hierdie aktivering stimuleer die loslating en uitputting van kalsium vanuit die interne stoorplekke van spiere, wat lei tot verswakke spier regulering, verlamming en die uiteindelijke dood van die insek. Dood van die plaag vind binne 2-3 dae plaas, maar inhibisie van insekbeweging en voeding vind vinnig plaas.

CIRCADEN® Insekdoder is aktief as 'n larfdoder deur inname (maagaksie) en deur kutikulêre absorpsie (kontakaksie).

CIRCADEN® Insekdoder beheer hoofsaaklik Lepidoptera insekplae, maar beheer ook sommige insekplae in ander Ordes bv. Coleoptera, Diptera ens. Daar is bewys dat **CIRCADEN® Insekdoder** toedienings betekenisvolle populasies van baie voordelige insekte (predatore, parasitoiede en bestuiwers) asook predatoriese myte agterlaat en kan dus effektief in Geïntegreerde Plaagbeheer programme gebruik word.

ALGEMEEN:

Cyazypyr™ (Siaantraniliproof) -bevattende produkte moet in ooreenstemming met die voorskrifte vir gebruik op die spesifieke produk etikette, of aanvullende etikette, en ander plaaslike bepalinge gebruik word. Daarom is dit verbode om enige produk met die DuPont™ Cyazypyr™ insekbeheer aktiewe bestanddeel te gebruik op enige manier wat strydig is met die etiket. Lees altyd die volledige etiket voor gebruik.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

TENKMENGSEL VERMENGING:

Spuittoerusting moet skoon en vry van ander plaagdoder neerslae wees voor **CIRCADEN® Insekdoder** toegedien word. Maak die spuittenk $\frac{1}{4}$ tot $\frac{1}{2}$ vol met skoon water. Voeg die verlangde hoeveelheid **CIRCADEN® Insekdoder** direk in die spuittenk en vul op met water terwyl aanhoudend geroer word.

Gebruik meganiese of hidroliese roermetodes, moenie 'n lugroeringstelsel gebruik nie.

Gebruik die mees beperkende van die pamflet aanwysings en voorsorgmaatreëls in die maak van mengsels.

Versuring van die toedienings oplossing - Alle grond toedienings van **CIRCADEN® Insekdoder** moet aangepas word na 'n pH van ongeveer 5-6.

Pas die pH van die toedienings oplossing aan nadat al die produkte wat by die mengsel gevoeg gaan word reeds in die tenk vermeng is.

Sodra voorberei, kan 'n toedienings oplossing vir tot 8 uur gehou word voor toediening. Moenie die mengsel oornag laat staan nie.

VERENIGBAARHEID:

Die tenkmengsel verenigbaarheid van **CIRCADEN® Insekdoder** is nog nie volledig ondersoek nie. **CIRCADEN® Insekdoder** is verenigbaar met:

Bladbuff 7 (SUID AFRIKA Reg. Nr. L8121 Wet Nr. 36 van 1947, NAMIBIË Reg. Nr. N-AR 0823, Wet Nr. 36 of 1947) & Bladbuff 12 (SUID AFRIKA Reg. Nr. L8201 Wet Nr. 36 van 1947).

Raadpleeg die etikette van die bogenoemde produkte vir volle besonderhede.

Aangesien formulasies kan verander en nuwe formulاسie vrygestel word, word dit aanbeveel dat gebruikers eers 'n klein hoeveelheid van die verlangde tenkmengsel met **CIRCADEN® Insekdoder** opmaak en kyk vir enige ongewenste veranderinge (afsaksels, vlokkulasie, ens.). Vermoed dat tenkmengsels met verskeie produkte en baie gekonsdentreerde spuitmengsels.

TENKMENGSEL VOLGORDE:

Voeg verskillende formuleringstipes tot die mengsel soos hieronder aangedui. Laat tyd toe vir volledige vermenging en verspreiding na die byvoeging van elke produk.

1. Water oplosbare sak (WSB)
2. Water oplosbare korrels (SG)
3. Water dispergeerbare korrels (WG, XP, DF)
4. Benatbare poeiers (WP)
5. **CIRCADEN® Insekdoder** en ander water-gebaseerde suspensie konsentrate (SC)
6. Water-oplosbare konsentrate (SL)
7. Gesuspendeerde emulsies (SE)
8. Olie gebaseerde suspensie konsentrate (OD)

* Tensy anders vermeld deur die vervaardiger gebruiksaanwysings of deur plaaslike ervaring.

SKOONMAAK VAN SPUITTENK:

- Begin met skoon, goed versorgde toedieningsapparate voor behandeling.
- Maak alle toedieningsapparate onmiddelik skoon na behandeling om te verhoed dat harde neerslae vorm wat later moeilik is om te verwyder.
- Dreineer toedieningsapparate deeglik na gebruik.
- Spoel spuitpype, spuitbalk en spuitpunte deeglik uit met skoon water.
- Maak alle verwante toedieningsapparate deeglik skoon.
- Neem al die nodige veiligheidsmaatreëls tydens die skoonmaak van toerusting.
- Moenie skoon naby putte, waterbronne of wenslik plantegroei skoonmaak nie.
- Hanteer afval spoelwater in ooreenstemming met plaaslike regulasies.

TOEDIENINGSMETODES:

Grondtoedienings:

CIRCADEN® Insekdoder moet toegedien word op 'n manier wat verseker dat die produk in die wortelsone is. **CIRCADEN® Insekdoder** moet in die wortelsone wees om doeltreffende plaagbeheer te verseker. **CIRCADEN® Insekdoder** is die doeltreffendste wanneer dit toegedien word, sodat die wortels op of naby die toedieningsplek is; bestuur besproeiing sodat beduidende hoeveelhede **CIRCADEN® Insekdoder** in die wortelsone bly waar dit die doeltreffendste is.

Saailinglaai deurdrenk:

Dien die produk 1-3 dae voor uitplant toe deur gebruik te maak van een van die twee verskillende metodes hieronder:

Metode 1: Deur die oplossing teen die betrokke volume en konsentrasie met 'n rugsakspreier (lae druk) op die saailinglaai te spuit, spoel dit dan in die laai in met skoon water en wag totdat al die oplossing deur die individuele saailinge opgeneem is.

Metode 2: Deur die plante in 'n oplossing van water + insekdoder in die betrokke volume en konsentrasie te week totdat die oplossing volledig deur die individuele saailinge geabsorbeer is.

* Wat die metode ook al is, moet 'n voorlopige toets op sommige plante met water gedoen word om die geskikte hoeveelheid water te bepaal, sodat die individuele sailinge die oplossing heeltemal kan absorbeer.

Sailinge moet voldoende natgemaak word voordat hulle oorgeplant word. Dien toe tydens uitplant in minstens 50 ml behandelingsooplossing per sailing. Sorg dat die watervolume voldoende is om die wortelsone deeglik nat te maak. Raadpleeg die afdeling oor Weerstandbestuur op hierdie etiket vir verdere leiding oor opvolgbehandelings.

Druptoediening:

Drupperplasing moet langs plantwortels lê. Die produk moet toegedien word in die eerste derde van die drupbesproeiingsiklus, net nadat die stelsel onder druk gekom het.

<u>GEWAS/PLAAG</u>	<u>TOEDIENINGS- HOEVEELHEID</u>	<u>AANBEVELINGS/OPMERKINGS</u>
KOPKOOL: Ruitrug mot (<i>Plutella xylostella</i>) Kool plantluise (<i>Brevicoryne brassicae</i>) Kool webwurm (<i>Hellula undalis</i>) Afrika bolwurm larwes (<i>Helicoverpa armigera</i>)	Saailaai deurdrenk toediening: 0,015 ml / plant Plantgat deurdrenk toediening: 0,015 ml / plant (maksimum dosis van 600 ml / ha)	Deurdrenking van saailaai <ul style="list-style-type: none">• Dien CIRCADEN® Insekdoder toe 1-3 dae voor uitplant (volgens een van die metodes 1 of 2 hierbo beskryf onder Toedieningsmetodes).• Vir die voor-uitplantmetode is die aanbevole toedieningshoeveelheid 15 ml van die produk per 1000 saailinge, en maak seker dat al die oplossing wat die produk bevat, deur die saailinge opgeneem word.• Moet nie meer as 15 ml / 1000 plante en 'n maksimum dosis van 600 ml per ha toedien nie. Plantgat deurdrenking <ul style="list-style-type: none">• Die grond waarin geplant word moet by veldkapasiteit wees.• Dien CIRCADEN® Insekdoder toe as 'n deurdrenk toediening tydens uitplant, in 50 ml oorplantingswater / plant.• Die gebruikte toedieningswater moet verkieslik 'n pH van tussen 5 en 6 hê. Toedieningswater met 'n pH > 7 moet versuur word tot die bogenoemde pH-reeks met 'n fosforsuurversuurder, bv. Bladbuff 5.• As plaagpopulasies nog steeds voorkom na die CIRCADEN® Insekdoder toediening, gebruik 'n vensterbenadering deur produkte met 'n ander wyse van werking te gebruik vir opvolgbespuitings, om te verseker dat opeenvolgende plaaggenerasies nie met diamiedprodukte behandel word nie.• Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie beïnvloed deur toedienings van CIRCADEN® Insekdoder nie.• Gebruik hoogstens 1 behandeling per seisoen.

<p>SOETRISIES:</p> <p>Afrika bolwurm larwes (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Groenperske plantluise (Myzus persicae)</p> <p>Blaaspootjies (Thrips sp.)</p> <p>Glashuis Witvlieg (<i>Trialeurodes vaporariorum</i>)</p>	<p>Druptoediening: 375 ml / ha</p>	<p>Druptoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien 2 CIRCADEN® Insekdoder druptoedienings toe. • Dien die eerste behandeling 5-7 dae na uitplant toe. • Volg op met 'n tweede toediening 14 dae later. • Pas die pH van die toedieningstenk aan na pH 5-6 tydens toediening. • Die afwisseling van CIRCADEN® Insekdoder met insekdoders wat 'n ander wyse van werking het, word aanbeveel. Dien die 2 CIRCADEN® Insekdoder toedienings opeenvolgend toe (= bloktoediening) binne 'n toedieningsvenster (30 dae) voordat na insekdoders met ander wyse van werking oorgeskakel word. • Gebruik hoogstens twee behandelings per seisoen. • Drupperplasing moet langs plantwortels lê. <p>CIRCADEN® Insekdoder moet in die eerste derde van die drupbesproeiingsiklus toegedien word en daarna met skoon drupwater in die grond ingespoel word. Die toediening van CIRCADEN® Insekdoder beïnvloed nie die meeste voordelige insekte en roofmyte nie.</p>
<p>TAMATIE:</p> <p>Bladmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i> en <i>Liriomyza trifolii</i>)</p> <p>Tamatie bladmyner (<i>Tuta absoluta</i>)</p> <p>Afrika bolwurmlarwes (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Soetpatat witvlieg (<i>Bemisia tabaci</i>)</p> <p>Tamatie bladmyner (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	<p>Plantgat deurdrenk toediening: 0,015 ml / plant</p>	<p>Plantgat deurdrenking</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die grond waarin geplant word moet by veldkapasiteit wees. • Dien CIRCADEN® Insekdoder toe as 'n deurdrenk toediening tydens uitplant, in 50 ml oorplantingswater / plant. • Die gebruikte toedieningswater moet verkieslik 'n pH van tussen 5 en 6 hê. Toedieningswater met 'n pH > 7 moet versuur word tot die bogenoemde pH-reeks met 'n fosforsuurversuurder, bv. Bladbuff 5. • As plaagpopulasies nog steeds voorkom na die CIRCADEN® Insekdoder toediening, gebruik 'n vensterbenadering deur produkte met 'n ander wyse van werking te gebruik vir opvolgbespuitings, om te verseker dat opeenvolgende plaaggenerasies nie met diamiedprodukte behandel word nie. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie beïnvloed deur toedienings van CIRCADEN® Insekdoder nie.
	<p>Druptoediening: 375 ml / ha</p>	<p>Druptoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien 2 CIRCADEN® Insekdoder druptoedienings toe. • Dien die eerste behandeling 3-5 dae na uitplant toe. • Volg op met 'n tweede toediening 7 dae later. • Pas die pH van die toedieningstenk aan na pH 5-6 tydens toediening. • Die afwisseling van CIRCADEN® Insekdoder met insekdoders wat 'n ander wyse van werking het, word aanbeveel. Dien die 2 CIRCADEN® Insekdoder toedienings opeenvolgend toe (= bloktoediening) binne 'n toedieningsvenster (30 dae) voordat na insekdoders met ander wyse van werking oorgeskakel word. • Gebruik hoogstens twee behandelings per seisoen

		<p>met 'n 7 dae interval.</p> <ul style="list-style-type: none">• Drupperplasing moet langs plantwortels lê. CIRCADEN® Insekdoder moet in die eerste derde van die drupbesproeiingsiklus toegedien word en daarna met skoon drupwater in die grond ingespoel word.
--	--	---

ERKENNING VAN GEREGISTREERDE PRODUKTE:

- Bladbuff 7 (**SUID AFRIKA** Reg. no L8121 van Wet 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR 0823, Wet Nr. 36 of 1947) en Bladbuff 12 (Reg. no L8201 van Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produkte van Nulandis (Pty) Ltd.